


HEKEL-LAPPIES



MET SKULPE

PIENK RUIKER

BENODIGDHEDE: 2 bolle pienk *Tridalia* Nr. 8; 'n paar drade borduurgaring in bypassende skakerings van pienk; pienk linne van 15 x 15 cm; hekelpen van 1,00 mm.

AFKORTINGS: Borduurwerk: stam-st - stamsteek; satyn-st - satynsteek; knoopsgat-st knoopsgatsteek. Hekelwerk: ks - kettingsteek; kb - kortbeen; lb - langbeen; driesl - drieslagsteek; ls(e) - lus (lusse); sp(s) - spatie (spasies); grh - garing rondom hekelpen; tr - trossie; vlg - volgende.

AANWYSINGS: **Teken 'n sirkel met 'n deursnee van 14 cm op linne en, in middel daarvan, die afbeelding van 'n blom (gebruik 'n afstrykpatroon of teken self iets). Borduur die blomme en blaartjies met satyn-st en die steeltjies en blomhartjies met stam-st.

Vou 'n soom van 0,5 cm na verkeerde kant om en stik vas.

Met hekelgaring en borduurnaald word nou 'n digte rand knoopsgatsteek oor die rand gewerk en moenie die garing afknip nie.

Verwyder borduurnaald en begin met hekelwerk:-

1e rondte: 3 ks vir eerste lb, slaan 2 ste oor; 1 lb, 5 ks, 1 lb in bopunt van 1e lb, *grh 3 keer, steek pen in vlg st en trek ls deur, grh en trek deur 2 lse, grh, slaan 2 ste oor, steek pen in vlg st, grh en trek deur 2 lse, grh en trek deur 3 lse, (grh en trek deur 2 ste) 2 keer, 2 ks, 1 lb onder die 3 lse waar die lb mekaar kruis*; herh van * tot * rondom. Daar moet ongeveer 16 gekruiste langbene in elke kwart van rand wees om die 64 wat vir patroon benodig word, eweredig te kan verdeel. **

2e rondte: kb rondom, om 'n veelvoud van 11 te verkry, ongeveer 253 ste, verdeel soos volg: 3 kb in 2-ks-sp, 1 kb tussen lb, rondom.

3e rondte: *3 ks (vir 1e lb), 1 ks, slaan 1 kb oor, herh van * en eindig met gs in 3e van 4 ks.

4e rondte: *(1 kb, 5 ks, 1 driesl in dieselfde st, 5 ks, 1 kb in dieselfde st) alles in vlg st; 11 kb (= 1 kb in 1-ks-sp, 1 kb op lb)*; herh van * tot * tot einde van rondte, knip garing af.

5e rondte: Heg garing in middel van eerste blomblaar vas, * 1 kb, (6 ks, 2-driesl-tr in 1e van 6 ks, 1 kb in vlg blomblaar) 2 keer, 4 ks, slaan 5 ste oor, (1 kb, 5 ks, 1 driesl, 5 ks, 1 kb) in vlg st, 4 ks*, herh van * tot * tot einde van rondte, knip garing af en werk netjies af.

MET SKULPE

BENODIGDHEDE: Ongeveer 50 g *Pinguin* Nr. 8, beige, staalhekelpen van 1,25 mm; ongeveer 50 cm beige materiaal, 90 cm breed.

AFKORTINGS: ks - kettingsteek; kb - kortbeen; lb - langbeen; dsl - dubbelslagsteek; sp - spatie; vlg - volgende; herh - herhaal; gs - glipsteek; p - picot; ls(e) - lus (lusse); p(s) - picot (picots).

AANWYSINGS: Knip 'n ovaal van 32 x 22 cm en 6 rondes met deursnee van 12 cm en laat 0,5 cm toe vir some. Vou soom na verkeerde kant om en werk netjies vas.

RAND VIR OVAAL TAFELMATJIE:

1e rondte: Heg garing aan materiaal vas aan verkeerde kant van soom en hekel een kb aan regte kant van werk. Hekel 1 rondte kb rondom, steek hekelpen telkens by basis van soom in en eindig met gs in 1e kb.

2e rondte: 5 ks (3 ks vir 1e lb en 2 ks vir sp), slaan vlg st oor, * 1 lb in vlg st, 2 ks, slaan vlg st oor*; herh van * tot * rondom, eindig met gs in 3e van 5 begin-ks.


3e rondte: gs in sp; * kb in 2-ks-sp, 7 ks, slaan vlg sp oor*; herh van * tot *, eindig met gs in begin-ks.

4e rondte: 9 kb in elke 7-ks-sp; eindig met gs in begin-st.

5e rondte: 1 gs in elk van vlg 3 ste, 1 kb in vlg st, 7 ks; * 1 kb in middelste kb van vlg ls, 7 ks*; herh van * tot *, eindig met gs in begin-ks.

6e rondte: *7 kb in vlg 7-ks-sp, 4 kb in vlg sp, 8 ks, draai en hekel 1 gs in middelste van 7 kb so pas gemaak, draai en hekel 8 kb in die 8-ks-sp so pas gemaak, 4 ks, draai en in elk van die 1e 6 kb hekel 1 lb en 1 ks; 1 lb in vlg kb, draai; hekel 7 keer: (3 ks en 1 kb in vlg sp) - 7 ps gevorm - hekel nog 2 kb in die vertikale 4-ks-sp waarin die laaste kb gehekel is en dan 4 kb in die onvoltooide sp van vorige rondte; herh van * tot * maar hekel die 1e van die 7 ps soos volg: 1 ks, 1 kb in laaste p van vorige motief en 1 ks i.p.v. 3 ks soos vir die vlg 6 ps. Werk in die laaste motief die laaste p aan eerste p van 1e motief vas soos uiteengesit. Eindig met 1 gs in begin-ks, knip garing af en heg af.

RAND VIR DIE DOILIES: Soos rand van ovaal tafelmattie, maar laat rondte 4 en 5 weg.



PIENK RUIKER